

met die Bybelgenootskappe

JULIE

28 Jun – 4 Jul


Oostenryk: Prys die Here dat ons die voorreg het om Bybels aan gevangenes en vlugtlinge in hulle moedertaal te kan voorsien. Bid ook vir die jongmense wat die Bybel-sentrum in Wene besoek.

Duitsland: Bid vir die finale voorbereidings van die *Basiese Bybel* voor die bekendstelling in 2021. Bid vir die befondsing van Bybelprojekte deur kerke en donateurs. Bid vir groeiende belangstelling in die Bybel en ons werk in die bevordering van God se Woord.

Italië: Bid dat God geneesing sal bring vir ons land in die nadraai van Covid-19 se vernietigende impak. Bid dat sy Woord en die troos wat dit bring die harte van die ganse bevolking sal aanraak.

5 – 11 Jul

Slowenië: Bid dat daar tot 'n vergelyk met die Katolieke Kerk sal kom wat betref die kopiereg van Bybelteks.



Bid vir die vertalers wat aan die dinamiese vertaling van die Nuwe Testament werk asook vir die uitbreiding van die traumaberadingprogram.

Serwië: Bid vir die Bybelsaak in hierdie Christelike land. Bid dat God die Bybelgenootskappersoneel se werk om die Woord in geskikte formate aan persone van alle ouderdomme beskikbaar te maak, sal lei.

Kroasië: Bid dat God sal voortgaan om in 2020 Bybelwerk in hierdie land te sien terwyl daar wêreld-

wyd chaos heers. Bid dat die Bybelgenootskap steeds die Bybel in geskikte formate aan mense beskikbaar sal maak sodat hulle die lewegewende boodskap van die Woord kan ervaar.

Bosnië-Herzegowina:

Bid vir die mense van hierdie land, dat hulle toegang sal hê tot geskikte Bybelhulpmiddels wat hulle harte sal verander.

12 – 18 Jul

Griekeland: Ons loof en prys God vir wat ons reeds kon vernag ondanks die

finansiële krisis. Dank die Here vir die suksesvolle tweede eeufeesviering van die Ioniese Bybelgenootskap. Bid dat daar 'n groter behoefte aan Bybels sal wees.

Albanië: Bid vir ons verskeie vertalingsprojekte. Bid vir ons *Friends For Life Sport Centre*-projek wat die jeug help om vir die eerste keer die bybelse boodskap te hoor en om deurgaans by die Bybel betrokke te wees.

Masedonië: Bid vir die Bybelwerk waarmee ons tans besig is en dat ons veral kinders sal bereik. Bid dat ons Bybelbetrokkenheid sal kan bevorder en alle segmente van die bevolking, insluitende Dowes, sal kan dien.

19 – 25 Jul

Belarus: Bid vir die Bybelwerk wat hier gedoen word, spesifiek onder die kinders wat ontvanklik is vir die Woord van God. Bid dat ons geskikte materiaal kan verskaf wat hulle die Woord van God op 'n kreatiewe manier sal leer sodat hulle insiggewend met die Bybel kan omgaan.

Litawe: Bid steeds vir die vertaling van ons Nuwe Testament in beide Lituas en

Litause Gebaretaal. Prys die Here vir die passie en toewyding van ons personeel. Bid vir die groeiende sukses van die *Lewende Prente*-kompetisie waar kinders die bybelse boodskap deur middel van fotografie uitbeeld.

26 Jul – 1 Aug

Roenië: Bid vir die afhandeling van die hofgeding rakende die kopiereg van die Cornilescu Bybel wat al vir die laaste sewe jaar sloer. Bid vir die verdere ontwikkeling van ons projekte en publikasies, asook die samewerking van al ons lidkerke.

Estland: Bid vir Bybelwerk in hierdie baie sekulêre land. Bid vir ons pogings rondom die bewusmaking van die Bybel as 'n bron van lewe. Bid dat Christene en nie-Christene deur ons beplande werk die Woord beter sal verstaan.

Letland: Bid vir die hersiening van die Bybel in Letties en dat dit 'n simbool sal word van eenheid onder die kerke. Bid ook vir ons Bybelbewusmakingsveldtogte en dat ons in staat sal wees om Bybelgedeeltes in elektroniese formate beskikbaar te maak.

2 – 8 Aug

Hongarye: Prys die Here vir die hersiene weergawe van die Karoli Bybel wat onlangs bekendgestel is, vir ons Bybelverspreidingsprojekte en vir ons aanlynkompetisies. Bid dat hierdie inisiatiewe positief ontvang sal word. Bid ook vir die vordering van die Bybel in Gebaretaal, vir die mense wie se harte ons aanraak, asook vir ons span.

Moldawië: Bid dat almal in Moldawië deur God se Woord aangeraak sal word en dat dit in 'n geskikte formaat en taal sal wees wat hulle verstaan. Bid dat ons meer klem op Bybelbewusmaking en Bybelbetrokkenheid in ons gemeenskap sal kan plaas asook vir beter samewerking met kerke.

Bulgarye: Bid dat ons in die Bybelbehoefes van ons medeburgers asook die vlugtelinge in ons land sal kan voorsien. Bid dat ons ook in die behoeftes van mense met sig- en ander gestremdhede, asook kinders in kinderhuise, sal kan voorsien.

9 – 15 Aug

Oekraïne: Bid vir Bybelwerk in die land te midde plaaslike en internasionale



krisisse. Bid vir al ons projekte en dat ons spesifiek die jeug en studente sal bereik.

Oesbekistan: Bid vir die Bybelsaak in hierdie land waar Islam die meerderheidsgeloof is. Bid dat God die Bybelgenootskappersoneel sal lei in hul werk om die Woord in verskillende formate beskikbaar te maak.

Tadjikistan: Bid dat God Bybelwerk in die land sal seën. Bid dat ons enige struikelblokke wat verhoed dat ons die Bybel in geskikte formate en vertalings beskikbaar kan maak, sal oorkom.

16 – 22 Aug

Pole: Bid dat jongmense in ons land die behoefte aan

God se Woord in hul lewens sal raaksien. Bid vir die gratis verspreiding van die Nuwe Testament in skole en kerke. Dank die Here vir die verspreiding van die Ekumeniese Bybel in Pole.

Tsjeggiese Republiek:

Bid vir die agt Bybelgenootskappersoneellede wat verseker dat die Bybel vir elke kerk en burger beskikbaar is. Bid vir ons spesiale projekte, veral die nuwe tweetalige Nuwe Testament uitgawes vir jongmense.

Slowakye: Bid vir die werk wat ons hoop om hier te verrig om die geloof van die Doves in Slowakye te versterk. Bid dat ons in die Bybelbehoefte van die plaaslike Christene en veral die siggestremdes sal kan voorsien.

23 – 29 Aug

Algerië: Bid dat die druk wat die owerhede op die kerke en die Bybelgenootskap plaas, sal verlig. Bid dat die Bybelgenootskap sal kan voortgaan om in hierdie land te werk.

Egipte: Bid vir ons terwyl ons voortgaan om ons werksaamhede in Bybelverspreiding en Bybelbetrokkenheid uit te brei. Bid vir ons fondsinsamelingspogings om Bybelhulpmiddels beskikbaar te maak en om broodnodige Bybelbetrokkenheidprogramme aan te bied.

Tunisië: Bid dat God die pad vir Bybelwerk in Tunisië sal oopmaak. Bid dat hoewel die Bybelgenootskap nog nie hier werksaam is nie, die Woord nietemin

die harte van die mense sal aanraak.

Marokko: Dank die Here dat dit moontlik is om Bybelwerk hier te doen. Bid dat die Bybelgenootskap se werk 'n impak sal hê en alle mense, maar veral jongmense en kinders, bybelse beginsels sal leer.

30 Aug – 5 Sep

Arabies-Israeliese Bybelgenootskap: Bid vir nuwe geleenthede om Bybelbetrokkenheid te bevorder en vennootskappe met die Palestynse Kerk en gemeenskap te sluit. Bid vir vrede in Jerusalem. Bid vir ons toewyding om die Woord van God aan die Arabiese Isreali's wat in Israel woon beskikbaar te maak.

Israel: Dank die Here vir die voorreg om sy Woord in die hart van Jerusalem te kan versprei. Bid vir ons werksaamhede om die Woord van God beskikbaar en toeganklik te maak aan die mense wat hier woon, asook die baie besoekers.

6 – 12 Sep

Libanon: Bid vir ons Sentrums vir Uitmendheid. Hierdie sentrums dien die Kerk in die Midde-Ooste

met God se Woord deur vertalings, publikasies, verskillende projekte en programme. Bid dat dit kinders, jongmense en volwassenes van hulp sal wees.

Jordanië: Bid vir die Bybelgenootskap in Jordanië se plan om 'n Bedieningsentrum in plek te stel. Dit is 'n besige ligging in Amman wat toegang tot die Bybel en die Bybelgenootskap sal bevorder.

Sirië: Dank die Here vir die ondersteuning wat ons die afgelope jaar ontvang het. Dank die Here vir sy Heilige Woord en vir die verspreiding daarvan na al die gebiede in ons land danksy die ongelooflike poging van ons vrywilligers.

13 – 19 Sep

Malta: Bid dat die Bybelgenootskap sal kan voortgaan met die uitvoer van sy missie op verskeie maniere en met verskillende programme om in die Bybelbehoefes van almal in die land te voorsien.

Turkye: Dank die Here vir die 200-jarige herdenking van die Bybelgenootskap in Turkye vanjaar. Bid dat ons aktiwiteite daartoe sal bydra dat die Turke meer omtrent die Woord van God

sal leer. Bid vir ons huidige vertalingsprojekte asook vir die veiligheid van ons span.

Ciprus: Ondanks die huidige finansiële krisis, dank ons die Here dat hy die Bybelgenootskap in Ciprus van die nodige fondse voorsien het om die mense van hierdie land te dien. Loof die Here vir die verspreiding van die Nuwe Testament in skole deur die Ministerie van Onderwys.

20 – 26 Sep

Golfstate: Bid vir die traumasberadingprogram wat in 2017 vir die eerste keer in Bahrein ingestel is asook vir die uitbreiding daarvan na meer lande in die Golfgebied. Bid vir die verwerking van die Nuwe Testament in Arabies na 'n Golf-dialek.

Iran: Bid vir hierdie land wat so swaar deur die pandemie van 2020 getref is. Bid vir vennote wat Bybelwerk kan ondersteun sodat mense met die beloftes in God se Woord bereik en vertrous kan word.

Irak: Bid vir die mense van hierdie land wat vir baie jare swaar gely het. Bid vir vrede en genesing. Bid veral dat jongmense en kinders aan die Woord van God bekendgestel sal word. **ds**